## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net


**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## ACIM: Elke Donderdag 7pm Kolping
## Ete volgende Sondag na Kerk

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail______________________________ Sel____________________

Woonadres

______________________________________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | BAIE DANKIE<br>Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |
|---|---|



# Neo-Spektrum
## 23 Junie 2013
## SELFWAARDE, LOJALITEIT, LIEFDEVOLLE GETROUHEID
## - DIE VERHAAL VAN RUT -

## STILTE IN DIE KAPEL

PERHAPS LOVE (FEAT: PLACIDO DOMINGO) — JOHN DENVER

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Maar Rut het geantwoord:
"Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan
en om om te draai nie,
want waar u gaan, sal ek gaan;
waar u bly, sal ek bly;
u volk is my volk; u God is my God;
waar u sterf, sal ek sterf
en daar sal ek begrawe word.
Ek lê 'n eed af voor die Here:
net die dood sal ons skei."
(Rut 1:15-17)

### - STILTETYD -

______________

***Ek dank U vir die wonder van myself.***
***Wonderlik is U werke en my siel weet dit goed!***
***(Psalm 139:14)***

GESPREKSIRKEL

## EENDAG, LANK-LANK GELEDE ...

Boek Rut saam met Jona en Job: Protes literatuur, dateer na Ballingskap 423-360BC
Tussen Esra en Nehemia: intens negatief (vrees) teenoor als wat Nie-Joods is
Vraag: waarom beskerm God ons nie? Soos Job: wat het ons verkeerd gedoen?
Oplossing: reinig Juda van als wat Nie-Joods is wat lei tot grootskaalse xenofobie.
Skrywer van Rut skep karakters (soos Job en Jona) om in metaforiese taal die vrees te besweer — Name van karakters: **Elimelek**: *my God is koning* **Naomi**: *my delight*
**Rut**: *vriendskap/compassion* **Orpa**: *gemsbok/vlugvoetig* **Maglon**: *siek*
**Kiljon**: *vermorsing/wasting* ... in patriargale samelewing is 3 weduwees vulnerable.
Joodse gebruik: daar moet koring gelos word vir weduwees en familielid moet trou met weduwee om haar eer te beskerm (Losser beginsel) ... **die verhaal ontvou** —

## RUT: SELFWAARDE EN GETROUHEID

Moab, seun van Lot (neef van Abraham) glo dat Chemosh (ooreenkomste met JHWH) is God wat hul beskerm. Geskiedenis van Moabiete (± 1500BC) ook deur Saul, Dawid en Salomo tot na ballingskap. Al 3 konings sou teregstaan op '**onsuiwerheid**' — ***The call of God to human beings is always a call of wholeness. No one is whole when acting out of fear!*** Haar belofte aan Naomi sou die credo word vir elkeen wat hom/haarself met trou en lojaliteit verbind tot die waarde van jou ewemens.

## NAOMI: WAARDIG EN SORGSAAMHEID

***Fear causes people to diminish the worth and dignity of another when that other is judged to be somehow impure or inferior.*** Dit is 'n les vir almal (Jood én Christen) wat herhaalde kere in die verlede al uitgespeel het, en steeds leer ons nie. Ons selfwaarde verval nie in skuldgevoel en vrees nie maar weet wanneer om op te staan en terug te gaan na ons Vader waar 'n feesmaal op ons wag.

## BOAS: RESPEK IS LIEFDEVOLLE GOEDHEID

***The book of Ruth, like the book of Jonah, was written to protest all of the limits that human prejudice forever tries to place on the love of God.*** Boas, van Bethlehem (huis van brood) word die verskaffer van brood, die ver(losser) van hulle wat nie geëer of beskerm word nie, die vader van 'n nuwe volk wat die respek van HESED (liefdevolle getrouheid) sou uitstort op volk én vreemdeling.

Hoe wonderlik is dit nie dat so boek ingesluit is in die Joodse en Christen Bybel. Hierdie verhaal is 'n spieël vir elkeen van ons wat soek na **selfwaarde**, **selfrespek** en **selfvertroue** om geboorte te gee aan 'n *'kind'* van geloof, hoop en liefde.
Dit is 'n verhaal waarin ons onsself vind in en deur 'n **verhouding** met God.
Dit is 'n verhaal waarin ons tuiskom en wat geskryf word met die ink van HESED .
... en dit is een van die baie goeie redes waarom ons die Bybel noem: **Heilig**.

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ THE TIME OF OUR LIVES — IL DIVO ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Mag die Here jou beloon vir wat jy gedoen het.
Mag jy 'n welverdiende beloning ontvang
van die Here die God van Israel
onder wie se vleuels jy kom skuil het.
(Rut 2:12)

*Ons glo in één God wat geopenbaar word*
*sonder vorm, definisie of dimensie —*
*wat nie net die Skepper van Lewe is nie maar die Lewe self is ...*
*Ons glo in Jesus wat die Christus genoem word*
*wat ons herinnering is: ons is een met God*
*wat in sy lewe, sterwe en wedergeboorte na sy dood*
*vir ons die Weg, Waarheid en Lewe geword het*
*van 'n lewe in die Christus*-Bewussyn
*waar ons die weg, waarheid en lewe sal word*
*vir elkeen wat vir ons 'n 'naaste' is ...*
*Ons glo in die Heilige Gees*
*wat die helende, allesinsluitende Asem van God is,*
*wat ons help om die wêreld van vrees en skuld*
*te verruil vir die hemel van vergiffenis en versoening*

*~ 'n Geloofsbelydenis vir Vandag ~*

---

# IN BEING, WE BECOME

COME WHAT MAY (FEAT EWAN MCGREGOR) — NICOLE KIDMAN